

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal-Wes
April 1978

Onderwerp: Geniet die lewe

Lees: Prediker 11 vers 9 tot 12 vers 8

Teks: Prediker 11 vers 9

Sing: Psalm 146 verse 1 en 8
Psalm 33 vers 11

“Broers en Susters, die Prediker wil vanaand vir u kom sê: Geniet die lewe. Sit daarin en haal daaruit wat jy kan. Doen dit met volle oorgawe, met alles wat in jou is. Leef elke dag voluit, want elke dag en elke geleentheid kom net eenmaal in jou lewe. Laat jou hart jou vrolik maak. Maak soos jy lus het en voel om te doen. Leef die sorg en probleme van die lewe dood. Jy leef net een maal op hierdie aarde en waarom sal jy dit nie geniet nie?

“Die lewe is ’n geskenk van God aan jou. Daarom laat jou lewensdrang, ook van kleins af, daarop uit wees om bewustelik alles aan te neem wat God aan jou gee.

“Dit beteken dat ons nie moet oud wees vóór ons tyd nie. Moenie dink dat jou gelowigheid daarin geleë is dat jy alle lewenslus en lewensfiksheid moet inboet nie. Om ’n Christen te wees beteken immers nie om ’n suurknol te wees nie.

“Wat word dan van die eis: julle moet nie die wêreld liefhê nie?

“Beteken dit dat ons nie vrolik mag sing, lekker grappies mag maak en partytjie mag hou nie?

“Is dit liefde vir die wêreld om in God se son te lê en bruin te brand; of om op die paviljoen saam te kom met die skare by ’n sportbyeenkoms?

“Is dit verkeerd om dit te doen; en te hou van die ritme van die trefferliedjie?

“Is dit wêreldliefde om jou te versier deur jou mooi te maak en mooi aan te trek?

“Natuurlik is daar ’n sondige verheerliking van die liggaam wat die liggaam uitbuit deur ontbloting en vertoning en uitlewering aan gretige oë. Ons moet breek met hierdie sondige spel met die liggaam.

“Is dit ’n teken dat ons die wêreld liefhet as ons belangstel in die kunste, die wetenskap en kennis van die politiek?

“Moet ek my terugtrek in die kerk en die godsdiens van die binnekamer; en myself weerhou om myself te gee vir die dinge van die vol en ryke lewe?”

“Nee, dit is nie die keuse nie. Ons moet albei kies: die kerk en ’n vol lewe in hierdie wêreld.

“Hierdie lewe en hierdie aarde is aan ons gegee as ’n gawe. Dit is God se wêreld. Ons moet sy klank, kleur en ritme geniet - die natuur, wetenskap, tegniek, ontspanning, liefde, spel en jonkheid. Skep dit met dubbele hande, want dit is ons voorreg! Dit is jou voorreg om te lewe en voluit te lewe! Maar, altyd só dat jy weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.

“Die norm vir jou lewe is dus om jou voor God te stel. Alles wat jy doen en sê gebeur in alle geval in sy teenwoordigheid, afgesien daarvan of ons dit weet of wil weet.

“Daarom Broers en Susters, as ons in elke saak wat ons doen, wil weet of ons dit mag doen, moet ons onself afvra: kan ek my hiervoor voor die Here verantwoord? Kan en sal ek by die Here daarmee wegkom?”

“Broers en Susters, as ons só oor alles besin met ’n eerlike gewete voor God, dan kan ons dit doen. Daar moet dus ’n gerigtheid wees in al ons doen en late; en die gerigtheid moet primêr op God gerig wees.

“Maar Broers en Susters, stem u nie saam dat ons, ons meestal rig op wat die mense sal sê nie, óf wat die ouer mense gesê het - die tradisie.

“Die tradisie is mooi en goed. Tradisie is die gedagtestrukture of patrone wat van die vorige geslagte oorgedra word na die volgende geslag. Dit het sy betekenis, maar kan nooit vir die gehoorsame mens die laaste en hoogste maatstaf word nie. Wie gehoorsaam wil wees, is nie gehoorsaam net solank hy agtertoe kyk nie. Die bron van gehoorsaamheid is immers nie agter nie; alhoewel agtertoe kyk jou dikwels help om gehoorsaam te wees. Die bron is ook nie links of regs nie; alhoewel ’n mens dikwels baie van ander mense kan leer hoe om te doen en dikwels hoe om nie te doen nie. Die bron van gehoorsaamheid is ook nie uit ’n gerigtheid na vore nie, na ’n doel nie. Want die doel heilig nie altyd die middele nie. Nee, die bron van gehoorsaamheid is Bo en van Bo.

“Augustinus het gesê: ‘hê God lief en doen wat jy wil.’

“Dit mag na ’n lekker godsdiens klink, maar dit is tegelykertyd die hoogste gebondenheid; om daarmee daaglik in alles te doen te hê met die lewende God.

“Maar Broers en Susters, dit is ook ons waarborg vir ’n verantwoordelike en aan God gehoorsame lewe. Dit gee rigting aan jou lewe. Geen voorskrifte word hier gegee nie. Geniet jou lewe! Doen wat jy wil, maar onthou dat jy daarvoor voor God verantwoording sal doen. Erken God as die gewer van die lewe wat jy so intens geniet.

“As ons sentrum van lewe dan na Bo gerig is, as ons met die alomteenwoordige God rekening hou, dan is daar ook dinamiek in jou gehoorsaamheid. Die dinamiek is geleë in die lewende God wat met sy Woord die mens telkens opnuut aanspreek en hom daarmee verplig tot beweging van die oue na die nuwe; van die verlede na die toekoms.

“’n Gehoorsame mens wat dink aan sy Skepper is die mens wat gesnap het dat God hom in ’n gegewe situasie roep, om toe te pas die beginsel om in alles verantwoording aan God te doen. Dit behels die regering van God en die gehoorsame reagering van die mens.

“Konkreet beteken dit dat die gehoorsame mens se gees op God gerig is en daarom nie redeneer: ‘laat ons eet en drink en vrolik wees want more sterf ons’ nie. Maar laat ons eet en drink en vrolik wees want die lewe is ’n geskenk van God; en môre is dit nóg lewe - die ewige lewe.

“Wie gehoorsaam is aan God, leef nie dwarsoor dag en tyd die toekoms in nie, maar leef van dag tot dag, van tyd tot tyd na die toekoms. En die geheim daarvan is nie dat jy dit goed verstaan nie, alhoewel dit ook belangrik is.

“Dit is belangrik dat God vir jou ’n lewende God is, nie ’n skim of teorie nie, maar die lewende God. Die Prediker stel dit skerp en duidelik: ‘dink aan JOU Skepper’ - nie DIE Skepper nie. Ken u God so? Persoonlik?

“Hy is ook jou Herskepper.

“Dit bring ons by die belangrikste gesigspunt. Dink nie aan jouself nie, maar aan jou Skepper in jou oorwegings wat om te doen.

“Broers en Susters, die antwoorde op die vrae wat aan die begin gestel is:

“Mag ek vrolik wees?

“Mag ek van ritme hou?

“Mag ek dans, ensovoorts, is dus: doen wat jy wil solank (en dit is belangrik) jy dit met verantwoording kan doen voor God; en Hom, jou Skepper, daardeur verheerlik en gehoorsaam.

“En dan waarsku die Prediker: ‘dink aan jou Skepper ... voordat...’ die tyd aanbreek en jy dit wil doen en nie meer kan doen nie. Nie minder as drie keer gebruik hy die woord ‘voordat’ hier nie. ‘Voordat’ sê ook dat dit te laat kan word.

“Voordat-tyd is nog genadetyd.

“Dink elke dag só: hoe staan ek vandag voor die lewende God? Elke geleentheid en oomblik kom nooit weer nie. Wat maak ek met elke geleentheid en oomblik?

“Koop die tyd uit. Dit is nou nog genadetyd vir jou.

“Dink aan jou Skepper. JOU Skepper. In Jesus Christus is Hy meer as jou Skepper. Hy is ook jou Vader en jy is sy kind.

“Jesus Christus het aan die lewe meer betekenis kom gee.

“Jy mag bly wees en die lewe geniet.

“Amen.”